



Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beurse: Laaste fase van D-studies en Postdoktorale studie

Julie 2015

DOKTORALE BEURSE (Eindfase)/POSTDOKTORALE TOEKENNINGS VIR ENIGE VAKDISSCIPLINE IN AFRIKAANS

Sperdatums vir aansoeke: 15 Augustus 2015

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns stel op kort termyn 'n aantal beurse/toekennings beskikbaar, bedoel vir die TWEE kategorieë nagraadse studente IN ENIGE STUDIERIGTING:

- Doktorsgraadstudente in hulle finale fase van studie en
- Postdoktorale studente (eenjaarstudie).

Doktorsgraadstudente (finale fase)

Kategorie 1 Doktorsgraadstudente wat in die eindfase van hulle D-studie is en redelikerwys kan aantoon dat hulle teen 30 September 2016 hulle studies (in enige vakdissipline) in Afrikaans sal voltooi en hulle proefskrif of watter uitkoms ook al vereis word vir eksaminering sal inhandig, kan aansoek doen.

'n Aansoek op die voorgeskrewe aansoekvorm moet vergesel wees van 'n noukeurige begroting waarin onder meer voorsiening gemaak kan word vir die volgende:

- Registrasiefooi vir die finale jaar van studie (Regstreeks betaalbaar aan die betrokke universiteit by die voorlegging van 'n faktuur)
- Redigering/teksversorgingskoste van proefskrif
- Tegnieke versorging
- Enige ander noodsaaklike koste ivm die finalisering van die proefskrif.

Vertalingskoste word nie vergoed nie.

LET WEL: Die primêre en oorspronklike uitkoms van die studie moet in Afrikaans gelewer word. Vertalings uit Engels of enige ander taal in Afrikaans word nie aanvaar nie.

Slegs studente met 'n Suid-Afrikaanse nasionaliteit kan vir hierdie toekenning kwalifiseer.

Indien die student nie, soos kontraktueel ooreengekom, die studie binne die gegewe tyd voltooi nie, is die beurs met rente terugbetaalbaar. Indien die student se studie nie suksesvol is nie, is die beursgeld

eweneens terugbetaalbaar. In laasgenoemde gevalle word die beurs in 'n lening omgeskakel. Van 'n student word verwag om 'n leningsooreenkoms met die SA Akademie te sluit

Postdoktorale student (een jaar)

Kategorie 2 – Postdoktorale studie in enige studierigting: 'n Toekenning van maksimaal R120 000 vir die tydperk van een jaar is beskikbaar vir enige studierigting. 'n Student moet onderneem om binne sy postdoktorale jaar en/of ten laaste binne twee jaar na die voltooiing van sy of haar postdoktorale jaar minstens twee geakkrediteerde publikasies **in Afrikaans** te lewer. Kwalifiserende postdoktorale studente ontvang die beurs in twee paaielemente:

1. Eerste paaielement: soos individueel ooreengekom
2. Tweede paaielement: na voorlegging van 'n bevredigende tussentydse studieverslag

Slegs studente met 'n Suid-Afrikaanse nasionaliteit kan hierdie toekenning ontvang

Indien 'n student nie aan die vereiste vir die toekenning voldoen nie, is die beurs soos kontraktueel ooreengekom met rente terugbetaalbaar.

Aansoeke sluit 15 Augustus 2015 (Laat aansoeke kan nie oorweeg word nie)

Uitslae kan voor die einde van September verwag word.

Vir aansoekvorms en navrae kontak:

Me Melanie Rens
SA Akademie vir Wetenskap en Kuns
Tel: 086-1333-786
beurse@akademie.co.za



Prof. J van der Elst
Beurskoördineerder



Dr Dioné Prinsloo
Hoof Uitvoerende Beampte
SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.